**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

**IN DIE HOë HOF VAN SUID AFRIKA**
**GAUTENG AFDELING, PRETORIA**

**SAAKNR. CC82/2014**

(1) RAPPORTEERBAAR: JA/~~NEE~~
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: JA/~~NEE~~
(3) NAGESIEN: JA/~~NEE~~

18/6/2015
DATUM

HANDTEKENING

In die saak tussen: DATUM: 7/8/2014

**DIE STAAT**

en

**SHANTEL VENTER** Beskuldigde 1

**FREDDY HARBER** Beskuldigde 2

---

**UITSPRAAK**

---

**DE VOS R:**

[1] Die uitspraak op vonnis word in Afrikaans gegee aangesien beide Beskuldigdes Afrikaanssprekend is. Beskuldigdes 1 en 2 is op 21 Julie 2014 skuldig bevind aan drie klagtes. Klagte 1 is ‘n klag van verkragting waarop Beskuldigde 1 skuldig gepleit het as hoofdader en Beskuldigde 2 skuldig gepleit het as medepligtige met betrekking tot die verkragting op die minderjarige kind, R. V., wat op daardie

stadium 3 jaar oud was. Klagte 3 is ‘n soortgelyke klagte waarop Beskuldigde 2 as hoofdader skuldig gepleit het. Beskuldigde 1 het as medepligtige tot hierdie klag ‘n pleit van skuldig aangebied. Klagte 11 het betrekking op die vervaardiging van kinderpornografie in die vorm van videomateriaal, welke video – asook stilfotos wat uit die video-opname vasgelê is, ingehandig is as ‘n bewysstuk deur middel van ‘n erkenning deur beide Beskuldigdes. Dit is gemenesaak dat die Wet op Minimum Vonnisse van toepassing is op Klagtes 1 en 3. Deel 1 van Bylae 2 bepaal in terme van Artikel 3 van die Strafregwysigingswet, No. 105 van 1997, dat:

(a) lewenslange gevangenisstraf opgelê moet word waar die slagoffer:

  (i) meer as een keer deur die Beskuldigde of ‘n mededader of medepligtige verkrag is;

  (ii) verkrag is deur meer as een persoon ter uitvoering in gemeenskaplike oogmerk of

  (iii) waar ‘n persoon skuldig bevind is op meer as een klagte van verkragting maar nog nie gevonnis is nie, en

(b) waar die slagoffer:

  (i) onder die ouderdom van 16 jaar is, en

(c) waar ernstige liggaamlike geweld toegedien word.

[2] Die drie misdade is gepleeg terwyl die klaagster in die sorg van haar biolgiese moeder, Beskuldigde 1, was. Ten tye van die gebeure het Beskuldigde 1 en 2, wat in ‘n verhouding was, sowel as die biologiese kinders […] wat insluit die klaagster en haar minderjarige broer, saam in ‘n woonstel gewoon. Die Hof gaan nie uitbrei oor die feite wat reeds bespreek is tydens die uitspraak op skuldigbevinding nie, maar bloot handel met die feite wat aangebied is ter strafversagting. Nadat Beskuldigdes skuldig bevind is, is die saak uitgestel vir die verkryging van die

nodige maatskaplike verslae en die aanbied van getuienis ter versagting. Die Hof wil sy dank aan die Departement van Sosiale Ontwikkeling uitspreek. U was bereid om op kort kennisgewing die nodige verslae voor te berei. Me MP Masondo, ‘n gegradueerde maatskaplike werkster in diens van die bogenoemde Departement het drie verslae voorberei wat onderskeidelik ingehandig is as Bewysstukke C, D en E. Bewysstuk C is ‘n voorvonnis-verslag met betrekking tot Beskuldigde 1. Bewysstuk D is, soortgelyk, ‘n voorvonnis-verslag wat van toepassing is op Beskuldigde 2. Bewysstuk E het betrekking op die klaagster en fokus op die huidige sowel as toekomstige invloed van die oortredings op die minderjarige kind. Dit blyk uit die onderskeie voorvonnis-verslae rakende Beskuldigdes 1 en 2 dat beide normale kinderjare beleef het en in ‘n gesonde familieverband grootgeword het. Dit blyk verder dat beide Beskuldigdes 1 en 2 na voltooiing van hul skoolloopbane vaste werksbetrekking beklee het. Daar was in die verband sekere probleemsituasies wat Beskuldigde 2 aanbetref maar wat die Hof nie as belangrik ag ten opsigte van die vonnisverrigtinge nie. Dit blyk dat beide Beskuldigdes beskou kan word as persone wat tot en met die pleging van die misdrywe stabiele lewens gelei het, wetsgehoorsaam was en soos normale mense gefunksioneer het in die samelewing.

[3] Tydens die betoë ter strafversagting is dit deur die regsverteenwoordigers wat optree namens Beskuldigdes aangevoer dat beide Beskuldigdes verdowingsmiddels ingeneem het ten tye van die pleging van die misdrywe en dat die inname van verdowingsmiddels grootliks hulle oordeel beinvloed het. Die Hof vind dit dus nodig om kortliks te verwys na die drie onderskeie verslae. Wat Beskuldigde 1 aanbetref is paragraaf 9 van bewysstuk C van toepassing. Dit lees soos volg:

> *'It is reported during the investigations that the accused started using two kinds of drugs, Ecstasy and CAT, after being introduced to them by the co-accused during their relationship. The accused alleges that before then she had never utilised any substance, nor did she drink alcohol or smoke cigarettes. The accused confirmed that she was using drugs at the time of the offences; however, she also maintains that she knew at the time that her actions were wrong regardless. Although the accused confirmed that she started to use habit-forming substances one year ago, she does not reveal any signs of chronic dependence on any habit-forming substances. The investigation also revealed that she did not use habit-forming substances prior to her relationship with the co-accused. Referring the accused to a rehabilitation centre may meet her needs should she be motivated, however, in view of the seriousness of the offence and the fact that she does not reveal a chronic dependence, and confirmed that she knew the wrongfulness of her acts at the time of the offence, referral to a rehabilitation centre alone is not considered'.*

Die verslag handel dan ook kortliks met die strafversagtende faktore rakende Beskuldigde 1, naamlik dat Beskuldigde 1 'n eerste oortreder is, dat sy skuldig gepleit het, dat sy die biologiese moeder is van … twee minderjarige kinders wat emosioneel afhanklik is van haar moederskap en dat hierdie spesifieke gebeure buitengewone gevolge inhou vir Beskuldigde 1 sowel as vir die kinders. Die strafverswarende faktore is ook genotuleer. Die Hof is nie van plan om hierdie faktore op die stadium te behandel nie, aangesien die Staat dit ook in betoog aangespreek het en dit dus later bespreek sal word. Die getuie kom dan tot die gevolgtrekking dat direkte gevangenisstraf die enigste strafopsie is.

[4] Wat Beskuldigde 2 aanbetref is die volgende aanhaling, soos vervat in paragraag 9 van Bewysstuk D, van toepassing:

*‘The accused reported that he started using drugs in the year 2006; the accused confirms that this was due to the influence of a bad friend. The accused does not deny the use of drugs in recent years and confirms that he has been using drugs with the co-accused. He confirms to using CAT and Ecstasy. The accused however confirmed during the investigation that although he uses drugs he was fully aware of the wrongfulness of his actions during the offence’.*

Die versagtende faktore teenwoordig in die geval van Beskuldigde 2 word in paragraaf 11 van bewysstuk D saamgevat:

*‘The accused is a first-time offender, he pleaded guilty to the offences, and he verbalised remorse, although it appears that his remorse is related to the fact that he now has to face the consequences of his behaviour’.*

Die maatskaplike werkster het in diè geval ook die toepaslike verswarende faktore aangspreek wat dan ook, soos in die geval van Beskuldigde 1, later bespreek sal word. Die getuie het in beide verslae die onderskeie verswarende en versagtende omstandighede teenoor mekaar opgeweeg en na die evaluering daarvan tot die gevolgtrekking gekom dat die enigste vonnisopsie wat toegepas kan word direkte gevangenisstraf is.

[5] Vervolgens vind die Hof dit ook nodig om Bewysstuk E, wat fokus op die huidige sowel as toekomstige invloed van die oortredings op die klaagster, te behandel. Paragraaf 3.1 van die verslag lees soos volg:

*‘The investigation revealed that the minor child still asks about the whereabouts of her mother. She appears to be too young to comprehend the consequences of the offence and the fact that she was removed from the care of her biological mother. Although the maternal grandmother does not reveal any changes in the child’s relationships after the incident, it remains a fact that the victim had to be removed from the biological*

*mother's care. According to the maternal grandmother, the victim remains extroverted and in her knowledge cannot really comprehend why her mother is no longer living with them. It appears from the investigation that the child has been emotionally affected by the sudden changes in the family structure in that she often cries and asks about her mother and the sudden disappearing of her mother appears to be affecting her emotionally'.*

Die sielkundige trauma wat deur die klaagster ervaar word as gevolg van die gebeure is soos volg deur die maatskaplike werkster beskryf in Paragraaf 3.3 van dieselfde verslag:

*'It is reported by the maternal grandmother that a few months after the offence took place, the minor child would verbalise that she was touched, however, she did not indicate a clear understanding of whether the touching was wrong or right. The minor child was in the primary care of […] and they had previously maintained a safe environment for her, therefore the minor child displays an inability to clearly understand that what was occurring was negative and wrong. It was reported by the Social Woker from Kidz Clinic that due to the child's age, she does not have the necessary frame of reference to comprehend the pathology of the behaviour displayed towards her. She may, from her frame of reference, perceive their behaviour as normal. This places the child in a critical situation. Should she be made aware of the wrongfulness of […] acts she may display signs and symptoms of trauma. Should she not be made aware of the wrongfulness of […] actions, she may perceive their actions as normal throughout her life'.*

Dit is verder aan die Hof berig dat:

*'The investigation already revealed that the child at times referred to the actions of […] as making love to her; this was confirmed by the maternal*

> *grandmother. In this regard she still presents an inability to comprehend the wrongfulness of […] acts… Considering the fact that […] will be tried and sentenced, the child will in near future be confronted with the truth of the matter. The child therefore remains at risk to experience future trauma as a result of the offence and her removal from […]. The investigation at this point in time reveals only the signs of separation anxiety evident in the child. The lack of clear evidence of trauma directly related to the offence, should, however, not hide the fact that the child will have to deal with the reality of the perpetrators' actions and an accurate perception of the wrongfulness and pathology of these actions in order for her to develop a normal life. This refers to long-term monitoring of the therapeutic intervention throughout her childhood development'.*

Die getuie het ook verwys na die minderjarige se huidige skoolopvoeding en die toekomstige risiko-faktore wat in ag geneem moet word. Sy het haar verslag afgesluit met 'n evaluasie en sê die volgende:

> *'In view of the above, the investigation revealed that although the child may not at this point in time fully comprehend the wrongfulness of the actions inflicted upon her, she may have to face the reality of the situation in future. She may have to develop a new frame of reference with regard to her own safety and security and she may need further therapeutic intervention. She will have to deal with her separation form […]. In this regard the child may be evaluated to be traumatised'.*

Dit som die posisie van die getuie op rakende die klaagster.

[6] Ter versagting van vonnis is Beskuldigde 1 se moeder, Me Langenhoven, geroep om namens haar te getuig. Me Langenhoven se getuienis kom basies daarop neer dat die klaagster baie ontsteld is omdat sy nie […] kan sien nie, en dat sy gereeld vra waar […] is en waarom Beskuldigde 1 nie meer by die huis is nie. Sover dit die

dade aanbetref waaraan sy blootgestel is, verwys die klaagster soms, sonder dat sy oor die gebeure uitgevra word, daarna dat *'Oom Freddy'* haar '*gevry'* het. Volgens die getuie het die klaagster nooit die woorde *'hy het liefde met my gemaak'* gebruik nie. Die getuie beweer verder dat die klaagster nie enige tekens van werklike trauma toon nie. Na haar mening is dit in die beste belang van die klaagster dat Beskuldigde 1 […] moet versorg. Sy het verduidelik dat sy en haar man in 'n woonstel woon. Beide van julle is […]-jaar oud en sy kan nie met sekerheid sê vir hoe lank hulle in staat sal wees om na […] om te sien nie. Sy het ook getuig dat haar twee ander dogters wel bereid is om na die kinders te kyk. Ter strafversagting sê sy dat dit belangrik is om daarvan kennis te neem dat Beskuldigde 1 nooit dwelmmiddels gebruik het voordat sy Beskuldigde 2 ontmoet het nie. Me Langenhoven het verder getuig dat die klaagster vanaf Beskuldigde 1 se arrestasie by haar en haar man woon. Volgens haar opinie toon die klaagster nie werklik begrip vir wat met haar gebeur het nie. Sy gee egter toe dat die klaagster soms spontaan sal sê: *'Freddy het my gevry'*. Die klaagster het in Junie 2014 vier jaar oud geword. Onder kruisverhoor deur die Staat het Me Langenhoven toegegee dat dit Beskuldigde 1 se plig was om […] te beskerm en dat wat met die klaagster gebeur het, altyd 'n rol gaan speel in die klaagster se lewe en dat die klaagster dit gaan onthou. Dieselfde is deur die maatskaplike werkster getuig toe sy die stelling gemaak het dat daar êrens vorentoe 'n styl heuwel uitgeklim gaan word met hierdie dogtertjie. Sy gaan op een of ander wyse moet probeer om te verwerk wat met haar gebeur het. Die Hof is nie in die posisie om daaroor besluite te neem nie. Nietemin vind die Hof dit belangrik om beide Beskuldigdes, wat nou kop-onderstebo hier voor my sit, daarop te wys dat hulle […] 'n bittere onreg aangedoen het wat waarskynlik nooit herstel sal kan word nie. Ter bevrediging van hulle seksuele wellus het hulle blykbaar gedink dat 'n kind van 3-jarige ouderdom niks weet en geen begrip van

seks het nie. Tog blyk dit asof die klaagster baie meer onthou as wat voorgegee word.

[7] Dit het die getuienis namens die verdediging afgesluit. Nie een van die twee Beskuldigdes het self getuig nie. Nadat die bogemelde getuienis aangebied is, is daar verdere getuienis voor die Hof geplaas by wyse van erkennings. Dit behels ‘n mediese ondersoek van die klaagster wat later in verdere detail behandel sal word. ‘n Foto-album is ook erken. Dit behels stilbeelde van sekere uittreksels van die video-opname. Daar is ook ‘n transkripsie van wat gesê is tydens die maak van die video.

[8] Die Staat het daarna vir Dr Borman geroep om te kom getuig. Dr Borman is ‘n mediese dokter en haar deskundigheid is nie betwis nie. Dr Borman het die klaagster ondersoek op die 9de Oktober 2013, enkele maande na die voorvalle aan die lig gekom het. Sy het haar bevindings aangeteken op ‘n J88-vorm wat ook ingehandig is as ‘n bewysstuk. Voordat die Hof die genotuleerde beserings bespreek, is dit nodig om daarna te verwys dat Dr Borman ook vir die klaagster sekere vrae gevra het tydens die kliniese ondersoek. Sy het getuig dat die klaagster onder andere aan haar gesê het *‘Mamma het my gogga seergemaak’* en *‘Freddy se wurm het my seergemaak’*. Terwyl sy hierdie mededelings aan Dr Borman gemaak het, het sy met haar handjie na haar vagina gewys. Die klaagster het bygevoeg *‘hy het ook vir boetie seergemaak’*. Dr Borman het fisies waargeneem dat daar skade aan die maagdevlies is; dat dit druppels toon en weggeskuur is in die area 5 en 7 soos ‘n mens van voor na die vagina sal kyk. Sy het ook na die video gekyk. Sy het sekere waarnemings gemaak en beskryf wat sy waargeneem het. Sy het getuig dat Beskuldigde 2 se penis soos ‘n slang voorgekom het, met ander woorde dat hy nie

‘n volledige ereksie gehad het nie. Dr Borman skryf hierdie toestand waarin die penis waargeneem word toe aan die inname van verdowingsmiddels. Wat egter spesifiek skokkend is, is dat Dr Borman getuig het dat dit uit die video-opnames voorkom asof die klaagster verdoof was toe die dade met haar gepleeg is. Sy sê die dogtertjie het nie eers probeer keer wat met haar gebeur nie; sy het net willoos daar gelê. Hierdie getuienis is dit nie deur Beskuldigdes betwis nie. Die Hof moet derhalwe aanvaar dat haar waarnemings korrek is. Op grond van Dr Borman se getuienis kan die Hof nie anders as om weersin uit te spreek nie in Beskuldigdes se handelinge nie. Om ‘n 3-jarige kind blatant bloot te stel aan seksuele misbruik terwyl die kind verdoof is, is onverskoonbaar en kan nie verduidelik word nie. Beskuldigdes het in die proses en tot voordeel van hulle eie seksuele bevrediging ‘n onskuldige kind se lewe vernietig.

[9] Wat verder van belang is, is Dr Borman se getuienis dat daar volgens haar waarnemings *verskeie* soortgelyke optredes met die klaagster plaasgevind het. Sy motiveer haar opinie aan die hand van die beserings wat sy aan die klaagster waargeneem het. Onder kruisverhoor het sy getuig dat die skade aan die maagdevlies ook deur ‘n persoon se tong veroorsaak kan word. Dit sluit haar getuienis af.

[10] Laastens, en voordat daar voortgegaan word met die evaluasie van die getuienis, wil die Hof die advokate wat namens die Staat en Beskuldigdes optree bedank vir die harde werk wat hulle in hierdie saak ingesit het. Hoofde van betoog is op kort kennisgewing deur al die partye voorberei.

[11] Die Hof handel vervolgens eerste met die Staat se betoog. Die Staat voer aan dat daar op beide Klagtes 1 en 3 lewenslange gevangenisstraf opgelê moet word op grond van die verswarende omstandighede wat in die saak aanwesig is. Die Staat betoog dat die verswarende omstandighede die feit insluit dat die klaagster slegs 3 jaar oud was ten tye van die pleging van die misdryf. Die Staat doen aan die hand dat dit by uitstek ‘n verswarende omstandigheid is wat hierdie saak onderskei van ander gerapporteerde sake. Tweedens het beide Beskuldigdes 1 en 2 in ‘n verhouding van mag en vertroue teenoor die klaagster gestaan. Beskuldigde 1 veral, omdat sy […] en die primêre versorger van […] kinders is, maar ook Beskuldigde 2 wat vanweë sy verhouding met Beskuldigde 1 die rol van […] in daardie verhouding gespeel het. Beide Beskuldigdes het die vertrouensverhouding wat hulle beklee het, verbreek. Verder betoog die Staat dat die klaagster verkrag is in die veiligheid van […] deur twee persone teenoor wie haar lojaliteit gelê het en wat sy ten volle vertrou het. Die Beskuldigdes is die einste twee persone van wie sy beskerming moes verwag. Die Staat voer ook aan dat daar verskeie en meerdere voorvalle van seksuele penetrasie was, soos getuig deur Dr Borman, maar waarvan slegs twee spesifiek geidentifiseer kon word soos in die akte van beskuldiging uiteengesit. Die Staat voer ook aan dat hierdie misdade beplan is deurdat daar ‘n ooreenkoms tussen Beskuldigdes bereik is om die klaagster by hulle seksuele spel in te sluit. Daarna het Beskuldigdes besluit om ‘n videokamera te gebruik om hierdie seksuele dade en die interaksie met die klaagster te verfilm. As dit nie vir die ontdekking van die video-opname was nie, sou hierdie handelinge waarskynlik nog ‘n lang tyd voortgeduur het, tot so ‘n mate dat die klaagster nooit in ‘n posisie sou kom om ‘n onderskeid te maak tussen wat reg en verkeerd is nie. Die klaagster sou dit as ‘n lewensnorm aanvaar het en Beskuldigdes sou altwee gelukkig gewees het daarmee. Die Staat voer verder aan dat Beskuldigdes genoegsame tyd gehad het

om hulle optrede te heroorweeg en te besef dat dit verkeerd is nadat die eerste verkragting plaasgevind het. Nieteenstaande die tydsverloop tussen die misdrywe het Beskuldigdes besluit om dit weer te doen. Beskuldigdes het ook besluit om ‘n sterker en beter dwelmmiddel te gebruik om selfs nog meer seksuele bevrediging uit hulle aksies te kry. Die Staat voer aan dat daar geen wesenlike of substansiële omstandighede bevind kan word nie en dat die enigste gepaste vonnis op die gegewe feite, lewenslange gevangenisstraf is.

[12] Die Staat het die Hof verwys na verskeie uitprake. In ***S v D* 1995 (1) SACR 259 (A) bl 260 g – h** sê VAN DEN HEEVER AR die volgende:

> *‘Children are vulnerable to abuse and the younger they are the more vulnerable they are. They are usually abused by those who think they can get away with it, and/or too often do’.*

In die saak van ***S v Abrahams* 2002 (1) SACR 116 (SCA) bl 123 c – i** sê CAMERON AR:

> *‘Of all the grievous violations of the family bond the case manifests, this is the most complex, since a parent, including a father, is indeed in a position of authority and command over a daughter. But it is a position to be exercised with reverence, in a daughter’s best interest, and for her flowering as a human being. For a father to abuse that position to obtain forced sexual access to his daughter’s body constitutes a deflowering in the most grievous and brutal sense’.*

In ***S v M* 2007 (2) SACR 60 bl 73 b – d** sê SATCHWELL R:

> *‘Rape is a very serious offence, constituting as it does a* “humiliating, degrading and brutal invasion of the privacy, the dignity and the person of the victim” *(***S v Chapman*** **1997 (2) SACR 3 (SCA) at 5 b - e***); a* “cancer within this society” *(***S v Swartz + Another*** **1999 (2) SACR (C) at 385 c***);*

> *and* "an appalling and utterly outrageous crime" *which violates a* "woman's body which is sacrosanct" *(***S v Ncheche** ***2005(2) SACR 386 (W) at 359 h****). The seriousness of the present instances of rape is compounded by the age of the victim, the relationship of the accused to the victim and the rape of a child in her own bedroom'.*

Dan sê sy verder op **75 b – e**:

> *'The accused occupied a position of power in relation to his stepdaughter. She was vulnerable to his seniority and age and his familial standing, his affinity with her mother who was the only other adult in the home, his role as paterfamilias in the home and the family. This was appreciated in* **S v Jansen** ***1999 (2) SACR 368 (C)*** *where it was said at* ***378 g – h*** *that* "rape of a child is an appalling and perverse abuse of male power"*, and in* **S v Swart** ***2000 (2) SACR 566 (SCA)*** *where reference is made to how the rapist* "exploited to the full the position of power which he held over them"*; and in* **S v G** ***2004 (2) SACR 296 (W)*** *where the court commented at* ***301 c – d*** "she was raped in the safety of her own home by a person towards whom she was affectionate, and from whom she was entitled to expect protection. The accused has violated the trust which the complainant and her mother placed in him"*'.*

Die Staat het ook verwys na die beslissing van die Appèlhof in die saak van ***S v PB*** **2013 (2) SACR 533 (SCA) bl 537 d – e**. In die saak het die beskuldigde skuldig gepleit op die verkragting van sy 12-jarige dogter en is 'n lewenslange gevangenisstraf opgelê wat op appèl bekragtig is. Die Hof van Appèl sê in die saak die volgende:

> *'It can hardly be disputed that rape of young girls by their fathers is not only scandalous, it has become prevalent as well. To all right-thinking people it is morally repugnant. It has emerged insidiously in recent times as a malignant cancer seriously threatening the wellbeing and proper*

> *growth and development of young girls. It is an understatement to say that it qualifies to be described as a most serious threat to our social and moral fabric'.*

In die saak van ***MDT v S* (548/2013) [2014] ZASCA 15** sê die Hof in paragraaf 7 van die uitspraak die volgende:

> *'In remarkably similar circumstances, this Court in* **S v PB** ***2013 (2) SACR 533 (SCA)****, after stressing that a prescribed minimum sentence cannot be departed from lightly or for flimsy reasons, refused to interfere with a prescribed sentence of life imprisonment imposed on a father who had raped his 12-year old daughter. While this can only serve as a guideline, it emphasises the necessity to impose heavy sentences in cases such as the present, to prevent young girls from being abused… Indeed, child rape is a national scourge that shames us as a nation'.*

[13] Die Staat se betoog kan soos volg saamgevat word. In terme van die Wet op Minimum Vonnisse waarvan beide Beskuldigdes kennis dra en wat behoorlik aan hulle verduidelik is, is 'n Hof verplig, waar daar meerdere klagtes van verkragting is, om 'n vonnis van lewenslange gevangenisstraf op te lê. Die enigste basis waarop daar met hierdie vonnis ingemeng kan word, is wanneer die Hof bevind dat daar wel wesenlike en substansiële feite annwesig is wat aan die Hof 'n diskresie verleen om 'n ander vonnis te oorweeg. Sien in die verband Deel 1 van Bylae 2 van die Strafregwysigingswet, saamgelees met die bepalings van Artikel 51(1) en (3) van dieselfde wet. Dit is duidelik dat beide Klagtes 1 en 3 in drie van die kategorieë val waarna verwys word in die gemelde bepalings, naamlik (a)(i), (a)(ii) en (b)(i). Artikel 3(aA) van die Strafregwysigingswet maak verder voorsiening dat by beoordeling of daar substansiële en dwingende omstandighede aanwesig is wat 'n mindere vonnis

regverdig, die volgende feite nie sodanige substansiële en wesenlike omstandighede daar stel nie aangesien dit deur die Wetgewer uitgesluit word:

(i) Die klaer of klaagster se vorige seksuele geskiedenis;

(ii) Oënskynlike afwesigheid van fisiese beserings aan die klaer of klaagster;

(iii) ‘n Beskuldigde persoon se kulturele of geloofsoortuiginge aangaande verkragting; of

(iv) Enige verhouding tussen die beskuldigde persoon en die klaer of klaagster voordat die misdaad gepleeg is.

[14] Namens Beskuldigdes neem die Hof die volgende in ag tersame met die betoë wat namens hulle gelewer is. Nie een van die Beskuldigdes het getuig ter versagting nie. Beskuldigde 1 se moeder het namens haar getuig en die Hof het na haar getuienis geluister met begrip vir haar as moeder. Me Langenhoven se groot bekommernis is dat sou gevangenisstraf as vonnis opgelê word vir Beskuldigde 1, dit tot die gevolg sal hê dat sy en Beskuldigde 1 se vader, wat beide bejaarde mense is, verder sal moet omsien na Beskuldigde 1 se twee minderjarige kinders terwyl beide van hulle naby aftrede is. Dit is duidelik dat Beskuldigde 1 nie aan die omvang van haar dade gedink het toe die oortredings begaan is nie. Alhoewel haar ouers sowel as haar susters omgee en bereid is om na die kinders se welsyn om te sien, bly dit egter vasstaan dat beide Beskuldigde 1 se ouers[…] jaar oud is. Indien hulle goeie gesondheid dit toelaat behoort hulle oor […] jaar af te tree, waarop die klaagster ‘n ouderdom van […] sal bereik en in haar tienerjare sal wees. Vir twee afgetrede bejaardes om na ‘n tiener om te sien, kan op sigself geen maklike taak wees nie. Beskuldigde 1 het wel skuldig gepleit op al die klagtes. Dit is gemenesaak dat sy […] jaar oud is en geen vorige oortredings het nie, asook geen ander hangende sake teen haar nie. Sy het in […] gematrikuleer. Sy het ‘n vaste werk

gehad ten tye van die gebeure en het klaarblyklik ‘n heel normale lewe gelei. As gevolg van haar arrestasie het sy haar werk verloor. Sy is geskei. Haar gesondheid is goed en dit word aangevoer dat sy tans drie maande swanger is. Verder neem die Hof in ag dat sy deur Beskuldigde 2 blootgestel is aan die gebruik van dwelmmiddels wat insluit Ecstacy en CAT soos aan die Hof voorgehou. Dit word verder in ag geneem dat Beskuldigdes tydens die pleeg van die misdrywe onder die invloed van diè dwelmmiddels was en op daardie stadium afhanklik was die gemelde dwelms. Dit word verder ook in ag geneem dat Beskuldigde 1 ‘n gedissiplineerde lewe gelei het voordat sy vir Beskuldigde 2 ontmoet het. Nadat daar ‘n verhouding tussen die twee Beskuldigdes ontwikkel het, het Beskuldigde 1 se persoonlike lewe sodanig verander tot so ‘n mate dat sy vandag voor die Hof staan om gevonnis te word op die drie klagtes waaraan sy skuldig bevind is. Sy was verantwoordelik daarvoor om […] te beskerm. Sy plaas egter alle blaam op Beskuldigde 2 en voer aan dat sy slegs die slagoffer van omstandighede is. Verder voer sy aan dat gevangenisstraf nie in die beste belang van haar minderjarige kinders sal wees nie. Laastens voer sy aan dat sy deur haar pleit van skuldig aantoon dat sy berou het, en spyt het dat sy […] se reg om by […] groot te word van haar ontneem het. Die Hof neem in ag wat deur Me Langenhoven getuig is en dat Beskuldigde 1 se vader klaarblyklik nie geestelik daartoe in staat is om na die klaagster om te sien nie. Die Hof neem verder in ag dat tydens die egskeiding tussen haarself en die biologiese vader van […] minderjarige kinders, Beskuldigde 1 beheer en toesig gekry het om na die minderjarige kinders om te sien en derhalwe ‘n wetlike verpligting het om na te kom.  Haar regsverteenwoordiger het daarna vewys dat sy skuldig gepleit het en dat daar sekere regspraak is wat bepaal dat bloot ‘n pleit van skuldig tersame met berou genoegsame aanduiding is dat ‘n persoon gerehabiliteer kan word. Verder is dit aangevoer dat Beskuldigde 1 ‘n

eerste oortreder is. Dit word betoog dat in die lig van die totaliteit van die omstandighede, dit die Hof vry staan om te bevind dat daar wel wesenlike en substansiële feite aanwesig is om ‘n mindere vonnis op te lê.

[15] Wat Beskuldigde 2 aanbetref is dit ook gemenesaak dat hy nie getuig het nie en is dit verder betoog dat die video-opnames slegs gemaak is vir persoonlike gebruik, en nie vir publikasie- of verspreidingsdoeleindes nie. In die lig hiervan is dit verder aangevoer dat die Hof dit moet oorweeg om ‘n totale opgeskorte vonnis op te lê op Klagte 11. Wat Klagtes 1 en 3 aanbetref word dit betoog dat Beskuldigde 2 skuldig gepleit het en volgens die proefbeampteverslag daadwerklike berou toon. Beskuldigde 2 is tans […] jaar oud. Hy en sy vorige eggenote is geskei in 2011. Daar is 2 dogters uit die huwelik gebore wat onderskeidelik nou 11 en 7 jaar oud is. Hy was getroud vir 9 jaar en die kinders gebore uit sy vorige huwelik woon tans by hulle moeder. Verder is daar betoog dat die egskeiding ‘n aansienlike negatiewe invloed op hom gehad het. Sy geestlike gemoedstoestand is tot so ‘n mate beinvloed dat hy gehospitaliseer is vir depressie en ‘n algehele emosionele ineenstorting ervaar het. Verder word dit aangevoer dat hy en Beskuldigde 1 ten tye van die pleging van die misdrywe saamgewoon het in ‘n woonstel te Brakpan wat deur hom gehuur is. Hy het geen vorige veroordelings nie. Sy gesondheidstoestand is nou normaal. Hy gebruik dwelmmiddels vandat hy 24 jaar oud is en het het met die verloop van tyd met verskeie middels in kontak gekom, naamlik CAT, Ecstacy en Acid. Na die egskeiding in 2011 het hy meer afhanklik van dwelms geraak en die gedragspatroon het voorgeduur tydens sy verhouding met Beskuldigde 1. Hy en Beskuldigde 1 het gereeld CAT gebruik gedurende hulle verhouding. Hierdie verdowingsmiddel, sowel as Ecstasy, is ingeneem voor en tydens die seksuele misdrywe wat met die klaagster gepleeg is. Sy regsverteenwoordiger het betoog dat die kombinasie van faktore deur die Hof oorweeg moet word om te bepaal of daar

substansiële en wesenlike feite aanwesig is om ‘n mindere vonnis te regverdig. Dit word aangevoer dat hy relatief jonk is en dat hy skuldig gepleit het. Die pleit van skuldig toon aan dat hy werklik sy optrede berou en dit word deur die proefbeampte gestaaf. Hy was onder die invloed van verdowingsmiddels ten tye van die pleging van die misdrywe , wat ‘n wesenlike invloed gehad het op sy oordeel van wat reg en verkeerd is. Dit word verder aangevoer dat die voorvonnis-verslae en die slagofferimpak-verslag in samehang gelees moet word met bogemelde feite in die oorweging daarvan om ‘n mindere vonnis op te lê.

[16] Vonnisoplegging is seker een van die moeilikste take wat ‘n Hof opgelê word. By vonnisoplegging moet die belange van die gemeenskap, die aard van die misdryf, die belange van die oortreder en die vraag of Beskuldigdes rehabiliteerbaar is, teen mekaar opgeweeg word. Wanneer dit op ‘n skaal geplaas word mag sekere faktore swaarder weeg as ander. As die Wetgewer se bedoeling reg verstaan word, vertolk dit die gemeenskap se siening dat oortreders soos Beskuldigdes in die geval, wat geen verantwoordeliheidsin teenoor […] dogtertjie getoon het nie, nie op ‘n tweede kans geregtig is nie. Geen moraliteit is in die geval aan die dag gelê nie. Die Hof moet egter daarteen waak dat persoonlike gevoelens en die van die gemeenskap soos uiteengesit in die tersaaklike wetgewing, die oorhand kry; maar dit balanseer teenoor die feite van die saak. Vrouens word daagliks misbruik en daar vind op ‘n daaglikse basis verkragtings plaas in hierdie land. Dit is duidelik dat die Wetgewer drastiese stappe moes neem om dit aan die publiek duidelik te maak dat sulke optrede nie aanvaarbaar is nie. Hierdie land beskik oor ‘n Grondwet waarop ons roem dat dit een van die bestes ter wêreld is, en wat sekere basiese menseregte ten volle probeer beskerm. Daardie basiese regte, wat veral ten opsigte van kinders geld, is in die geval misken deurdat Beskuldigdes hulle eie wellus laat seëvier het

bo die belange van ander. Dit word in duidelike en eenvoudige terme in die Grondwet gestipuleer dat optrede soos dit waaraan Beskuldigdes hulself skuldig gemaak het nie geduld kan word nie. Die Grondwet bepaal uitdruklik dat elke individu sekere regte, maar ook sekere verpligtinge het en onder alle omstandighede moet probeer om binne daardie norme te leef. Nieteenstaande hierdie uitdruklike bepalings het die Wetgewer dit steeds nodig geag om die Wet op Minimum Vonnisse uit te vaardig. Die Wet op Minimum Vonnisse bepaal dat ‘n eerste oortreder op ‘n klagte van verkragting ‘n minimum tydperk van 15 jaar tronkstraf opgelê moet word. As sodanige oortreder aan twee verkragtings skuldig bevind word is die voorgeskrewe minimum tronkstraf lewenslange gevangenisstraf. Die Staat voer aan dat die Hof se diskresie in die opsig beperk is, en dit slegs kan oorweeg om ‘n mindere vonnis as lewenslange gevangenisstraf op te lê indien die Hof kan bevind dat daar werklike dwingende en substansiële feite hier aanwesig is. Die Staat voer ook aan dat daar geen feite voor die Hof geplaas is wat so oortuigend is dat dit gesien kan word as wesenlik en substansieel genoeg om ‘n afwyking van die voorgeskrewe wetlike bepalings te regverdig nie. Die Hof het die faktore wat deur die Staat voorgelê is, asook dit wat deur die getuies na verwys is, deeglik oorweeg. Daarteenoor moet in ag geneem word of die Hof bloot ‘n voorgeskrewe minimum vonnis moet oplê wanneer so ‘n vonnis enige moontlikheid van rehabilitasie sal vernietig. Met inagneming van Beskuldigdes se persoonlike omstandighede asook die feit dat hulle skoon rekords gehad het tot en met nou, wil dit voorkom asof beide Beskuldigdes rehabiliteerbaar is. ‘n Lewenslange gevangenisstraf trek ‘n streep deur die konsep van rehabilitasie. Dit is een van die voorvereistes wat die Hof moet oorweeg wanneer ‘n vonnis opgelê word. Die woede van die gemeenskap en die vergeldingselement soos voorgeskryf in die betrokke wetgewing mag nie daartoe lei dat die Hof vergeet dat Beskuldigdes weer

op 'n dag in die samelewing vrygelaat moet word nie. Volgens 'n letterlike interpretasie van die begrip '*lewenslank'* beteken dit dat 'n persoon vir die res van sy/haar lewe in die gevangenis sal deurbring. Dit is egter algemene kennis dat dit in die praktyk nie werklike '*lewenslange'* gevangenisstraf is nie. Diè feit kan egter, nie geld as die toets wat gebruik word by vonnisoplegging nie, hoe dit ookal in die praktyk bedryf word. Die kernvraag is of Beskuldigdes weer in die samelewing opgeneem kan word en sal kan leef soos wetsgehoorsame burgers. Tersame daarmee moet daar ook gevra word in hoe 'n mate die ander faktore wat aan die Hof voorgehou is, naamlik dat Beskuldigdes sê hulle het berou oor wat hulle gedoen het en dat hulle nie meer verdowingsmiddels gebruik nie, 'n rol speel. Namens Beskuldigde 2 is daar aangevoer dat daar nie verdowingsmiddels in die tronk is nie en hy dus nie meer daarvan gebruik maak nie. Ons weet egter dat dit nie altyd die geval is nie. Vir doeleindes van die saak sal die Hof aanvaar dat Beskuldigde 2 nie weer dwelmmiddels gebruik het na sy arrestasie nie. Tersame daarmee moet die Hof aanvaar dat beide Beskuldigdes 'n redelike ouderdom bereik het voordat hulle met die gereg gebots het. Hierde feite bevestig die Hof se sienswyse dat Beskuldigdes rehabiliteerbaar is. Beskuldigde 1 is tans […] en Beskuldigde 2 is […] jaar oud. Dit kom voor asof die dade gepleeg is terwyl beide van hulle onder die invloed van dwelms was wat hulle weerstand teen versoeking verkrummel het. Die Hof aanvaar dus dat hulle nie soos normale mense opgetreë het nie vanweë die inname van die dwelmmiddels. Daarmee word daar nie te kenne gegee dat hulle nie presies geweet het wat hulle doen nie, maar word daar in Beskuldigdes se guns aanvaar dat daar 'n verminderde oordeelsvermoë plaasgevind het ten tye van die pleging van die misdade. Daarteenoor neem die Hof die Staat se argument soos voorgehou ook in ag. Desnieteenstaande die Staat se argument is die Hof van oordeel dat in hierdie betrokke saak wel wesenlike en

substansiële faktore aanwesig is wat die Hof geregtig maak om ‘n mindere vonnis as die voorgeskrewe minimum op te lê. Hierdie bevinding is nie maklik nie aangesien die Hof dit as nodig ag om ‘n sterk weersin uit te spreek teenoor Beskuldigdes se optrede. Daarbenewens moet die Hof ook genade as ‘n element van straftoemeting oorweeg.

[17] Die volgende vonnisse word dus opgele:

a) Klagte 1: Beskuldigde 1 en 2 word beide gevonnis tot agtien (18) jaar gevangenisstraf.

b) Klagte 3: Beskuldigde 1 en 2 word beide gevonnis tot agtien (18) jaar gevangenisstraf.

c) Klagte 11: Beskuldigde 1 en 2 word beide gevonnis tot vyf (5) jaar gevangenisstraf wat in die geheel opgeskort word op voorwaarde dat die bepalings van Artikel 24 B(1)(6) van Wet 65 van 1996 (Film- en Publikasiewet) nie oortree word gedurende die tydperk van opskorting nie.

d) Twaalf (12) jaar van die vonnis opgelê op Klagte 3 word gelas om samelopend uitgedien te word met die vonnis opgelê op Klagte 1.

e) Effektief word vier-en-twintig (24) jaar gevangenisstraf opgelê.

f) Beide Beskuldigdes se name moet gevoeg word tot die Register vir Seksuele Oortreders.

**DE VOS R**

**REGTER VAN DIE GAUTENG AFDELING VAN DIE HOë HOF**

| | |
|---|---|
| **Datum van Uitspraak:** | 07 Augustus 2014 |
| | |
| **Verskyning namens die Staat:** | Adv A Wilsenach |
| In opdrag van: | Direkteur van Openbare Vervolging |
| | Pretoria |
| | |
| **Verskyning namens Beskuldigde 1:** | Adv E Sibuyi |
| In opdrag van: | Baloyi Prokureurs |
| | Brakpan |
| | |
| **Verskyning namens Beskuldigde 2:** | Adv C Kruger |
| In opdrag van: | Riaan Louw Prokureurs |
| | Kempton Park |